Vir ons Afrikaanse Lesers

# DIS WINTER, WAGTER!



## Wat nou?

*Die koue is sinoniem met 'n bietjie boeretroos: warm sjokolade, sop op die stoof, en om knus onder die komberse te broei. In dié seisoen is dit heel normaal dat ons en ons diere 'n bietjie minder aktief is.*

*Wanneer dit kouer raak, daal die atmosferiese druk (barometriese druk), en dit veroorsaak dat die vloeistof rondom gewrigte effens stywer raak. Hierdie veranderinge plaas ekstra druk op sensitiewe areas en kan pyn veroorsaak – veral by mense (en diere) met artritis of littekenweefsel. As daai knie jou dus weer herinner aan sy storie, weet jy nou hoekom!*

deur Monique de Jager

## Kou-aktiwiteite

**Kou is ’n natuurlike, selfregulerende gedrag vir honde.**

Wanneer jy voorsiening maak vir jou hond se kou-behoeftes, is dit belangrik om ’n verskeidenheid opsies te hê. Verskillende kou-speelgoed met interessante teksture hou hulle besig en stimuleer hul sintuie, terwyl eetbare kou-opsies, soos ’n tragea vol lekkernye, altyd ’n treffer is. ’n Ander uitstekende keuse is knieskywe – en dit is nie net lekker vir hulle om aan te kou nie, maar is ook vol gesondheidsvoordele.

Knieskywe is ’n natuurlike kou-opsie wat ryk is aan voedingstowwe. Dit bevat kraakbeen, wat help om jou hond se gewrigte te ondersteun, en beenmurg wat propvol gesonde vette, vitamiene en minerale is. Wat dit nóg beter maak, is dat dit minimaal verwerk is – veral as jy dié kies wat rou of luggedroog is.

Daar is ook groot voordele vir jou hond se mondgesondheid. Kou aan knieskywe help om plaak en tandsteen op natuurlike wyse te verminder. Dit stimuleer speekselproduksie, wat weer help om hul tande en tandvleis gesond te hou, en dit versterk hul tande deur die kou-aksie self.

Op ’n emosionele vlak bied kou opsies ook voordele. Honde het ’n natuurlike behoefte om te kou, en wanneer hierdie behoefte bevredig word, help dit om angs en verveling te voorkom. Knieskywe hou hulle lank besig, veral omdat dit ’n bietjie moeite verg om by die murg uit te kom – wat dit vir hulle ’n lekker uitdaging maak.

Daar is egter ’n paar belangrike veiligheidswenke om in gedagte te hou. Jy moet nooit gaar bene vir jou hond gee nie, want dit kan maklik splinter en beserings veroorsaak. Gebruik slegs rou of luggedroogde produkte van betroubare bronne en maak seker jy kies die regte grootte vir jou hond. Dis ook belangrik om altyd toesig te hou wanneer hulle kou, veral as jou hond ’n sterk kouer is of as dit die eerste keer is dat hulle aan ’n knieskyf kou. As jou hond reeds tandprobleme het, is dit ’n goeie idee om eers met jou veearts te gesels voor jy dit vir jou hond aanbied.

Knieskywe is dus nie net lekker vir jou hond nie, dit is ook ’n gesonde, natuurlike manier om hul liggaam en brein besig te hou.

## Lek-aktiwiteite

’n ***Lickimat*** is ’n fantastiese hulpmiddel om kalmte aan te moedig. Smeer sagte kos, soos nat kos of saggemaakte korrels gemeng met honde-veilige grondboontjiebotter, op die matjie.

**Bo-Baas Wenk:**
Vries die LickiMat vir ‘n ekstra uitdaging – veral vir koue liefhebbers soos Huskies of St. Bernards!



## Snuif-speletjies

**Sit Wagter se neus aan die werk! Dit moedig natuurlike soek gedrag aan.**

Een van die lekkerste maniere om jou hond se brein te stimuleer en verveling te voorkom, is deur speletjies te speel wat hulle aanmoedig om te snuffel en soek. Jy kan byvoorbeeld lekkernye oral in die huis versteek sodat hulle dit met hul neus moet opspoor. Nog ’n slim idee is om ou bokse te gebruik. Gooi ’n paar opgevrommelde stukke koerantpapier daarin en steek ’n paar lekkernye tussenin weg. Dis ‘n lekker uitdaging vir Wagter, om deur die boks te krap en te soek. Jy kan ook ’n geurige speelding of lekkerny iewers in die huis wegsteek en kyk hoe vinnig hulle dit kan vind. As jy iets meer gestruktureerd soek, is ’n Nina Ottosson-speletjie perfek. Dis spesiaal ontwerp om honde se probleemoplossingsvermoë te prikkel deur lekkernye weg te steek wat hulle dan moet uitsnuffel en uitkry.

## Reuk verkenning

Dit is ’n eenvoudige, maar stimulerende aktiwiteit wat nuwe ervarings skep.

**Hoe werk dit?**
Plaas natuurlike items (soos saadpeule, vere, kruie) in plastiekhouers met gaatjies in die deksels. Laat jou hond die verskillende geure ondersoek.

**Belangrik:** *Maak seker jou hond kou nie aan die houers nie en sluk niks per ongeluk in nie.*

## Gebruik die geskenkies van moerder natuur!

Daai blare wat nog nie opgevee is nie, gebruik dit! Strooi ‘n paar lekkernye tussen die blare en laat jou hond dit uitsnuffel. Dit sorg vir pret én stimulering!



### Winter is vir rus en hernuwing – maar ook vir pret!

Al is dit koud buite, kan jy steeds ’n prettige en stimulerende omgewing vir jou hond skep. Dis goed vir hul brein, emosionele welstand en fisiese gesondheid.

**‘n Gelukkige hond is een wat verstandelik én fisiek aktief bly, selfs al gebeur dit binne-in die huis voor die kaggelvuur.**

